Merktekens van die Christelike Skool

Inleiding

Hierdie dokument, *Merktekens van die Christelike skool,* het oor ’n tydperk van ’n paar jaar in die hart van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) gegroei. Deputate vir Christelike Onderwys van die Nasionale Sinode van die GKSA en twee Partikuliere Sinodes, het tussen 1989 en 1999 insette gelewer tot hierdie dokument.

Die Gereformeerde belydenisskrifte formuleer nie uitdruklik wat Christenouers oor die skoolopvoeding van hulle kinders glo nie. Hierdie dokument is ’n tipe ‘skoolcredo’ wat beginsels van die Gereformeerde leer ten opsigte van die skoolopvoeding van verbondskinders uitspel. Ouers kan dit gebruik om die skool waarheen hulle hulle kinders stuur, te meet.

Vier grondpilare van die Kerkhervorming

Christen-ouers vra dat die onderwys wat hulle kind ontvang, in ooreenstemming sal wees met dit wat hulle as ouers glo en bely. Vir die christen-ouer is daar geen skeiding tussen die opvoeding in die huis, die kerk en die skool nie. By die stel van merktekens, word telkens een van die **vier grondbeginsels** van die Sestiende Eeuse **Kerkhervorming** as vertrekpunt geneem. Daarmee word aangetoon dat ons Christelike onderwys spesifiek vanuit Gereformeerde vertrekpunt benader, in onderskeiding met ’n Roomse, Wederdoperse of Pentakostalistiese benadering. Die vier grondbeginsels is:

❖ Sola Scriptura

As kinders van die Hervorming glo ons dat die Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie (NGB Art 7).

Hierdie uitgangspunt word kort saamgevat met die Latynse woorde: **Sola Scriptura**, wat beteken: A*lleen die Skrif.*

Toegepas op skoolopvoeding:

> **Ons soek 'n skool wat die absolute gesag van die Bybel oor die hele lewe handhaaf.**

In merktekens 1 tot 4 hier onder word die betekenis van hierdie uitgangspunt vir die skoolopvoeding verder deurgetrek.

❖ Sola Gratia

’n Tweede grondpilaar van die Gereformeerde leer is **Sola Gratia,** wat beteken: *Alleen uit genade* (vgl NGB arts 12-16). Alles wat ons het - ons liggaam, gawes, verstand en kragte - is alleen maar God se onverdiende guns. Dit is te meer so omdat ons in sonde geval het en van nature slawe van die sonde is. Ons wil alleen die slegte. Dis alleen God se uitverkiesende genade wat ons daartoe lei om die redding, wat God in Jesus Christus voorsien het, in geloof te omhels. In hierdie wêreld gebeur niks sonder God se beskikking en bestuur nie - en tog bly ons as mense verantwoordelik vir ons dade.

Toegepas op skoolopvoeding:

> **Ons soek 'n skool wat groot klem lê op God se onverdiende genade én ons verantwoordelikheid om uit sy genade te lewe.**

Hierdie uitgangspunt het ’n hele paar praktiese impikasies, wat in merktekens 5 tot 10 hier onder uitgespel word.

❖ Sola Fide

'n Derde grondpilaar van die Gereformeerde leer is: **Sola Fide** (*deur die geloof alleen*). Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om Jesus Christus met al sy verdienstes te omhels (NGB Art 22). Sonder geloof word niemand salig nie. Geloof sluit kennis, instemming en vertroue in (Heidelbergse Kategismus, V/A 21). Geloof moet gevoed en versterk word deur die gebruik van middele: die Woord van die God, gebed, ensovoorts (vgl Heidelbergse Kategismus V/A 65; Dordtse Leerreëls 1:16; 5:2,14).

> **Ons soek 'n skool wat die kinders in hulle vormingsjare sal help om die regte geloofsinhoude (kennis) te leer ken en om geloofsvertroue te ontwikkel.**

Wat dit vir ons in die praktyk van skoolopvoeding beteken, word hier onder in merktekens 11 tot 17 uitgespel.

❖ Soli Deo Gloria

Die doel van die mens is om God te verheerlik en om vir ewig in Hom vreugde te vind (Westminster Kategismus, V/A 1). Of ons dan eet of drink of wat ons ook al doen, moet ons alles tot eer van God doen (Vgl 1 Korintiërs 10:31). Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge (Romeine 11:36). Hierdie uitgangspunt word saamgevat in die Latynse woorde: **Soli Deo Gloria**, wat beteken: *Aan God alleen die eer*.

> **Ons soek 'n skool waar die kinders geleer word God te dien en eer op alle lewensterreine.**

Wat hierdie uitgangspunt in die praktyk vir ons beteken, word in merktekens 18 tot 21 hier onder verwoord.

Een-en-twintig merktekens

Ons glo dat die volgende **21 merktekens** of **maatstawwe** belangrik is vir enige skool wat as ’n Christelike skool[1] bekend wil staan:

❖ Sola Scriptura

1 Die Bybel se gesag mag nie teruggedwing word na 'n paar terreine soos Godsdiensonderrig, Bybelkunde, en die formele dagopening en -sluiting met gebed nie. Die nuwe lewe wat God ons gee, raak ons **hele lewe**. God se Woord gee lig oor **alle vakgebiede**. Ook die christen se vryetydsbesteding en die struktuur en inrigting van sy skool moet die stempel dra van God se geopenbaarde Woord.

2 Ons verwerp enige lering wat die Bybel voorhou as die **subjektiewe ervaring of geloofsantwoord van mense**. Die Bybel bevat God se openbaringswil. Die Bybel is nie vol foute of vergissings nie. Die Bybel is nie fiksie of ’n versameling van blote verhale nie.

3 Aan die ander kant wil ons die Bybel **nie** op 'n **biblisistiese wyse** hanteer nie, asof die Bybel gegewens en wetenswaardighede vir elke vakgebied het. Die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld is soos 'n mooi boek, waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien (NGB Art 2). Ons moet die ‘boek van die natuur’ lees. 'n Christelike skool moet nie op 'n simplistiese manier alles uit die Bybel wil aflei nie, maar moet eerder met basiese Skrif**perspektiewe** werk (die feit van die gebrokenheid, die verskeidenheid en eenheid in die Skepping, ensovoorts), waar direkte Skrif**uitsprake** ontbreek.

4 Ons soek dus 'n skool wat, juis op grond van die Skrif, **erns maak met God se skepping**. Die Christelike skool moet eerder hoër standaarde hê as 'n skool wat nie uitgesproke Christelik is nie. Kinders leer van 'n groter werklikheid: Nie net die natuur nie (soos by die sogenaamde neutrale skool) en nie net die Bybel nie (soos by sekere Bybelskole), maar beide, in hulle verband met mekaar. Vanuit die eenheid wat God se skepping vertoon, word die verbande tussen die verskillende vakgebiede duidelik aan die kinders getoon.

❖ Sola Gratia

5 Vir die Christen-ouer is dit belangrik om elke kind se **Godgegewe gawes** ten beste te ontplooi. Die minderbegaafde, hoogsbegaafde en gestremde kind verdien besondere aandag. Die ‘gemiddelde kind’ mag geen maatstaf wees nie.

---

[1] In sy dokumentasie gee Totius-Akademie voorkeur aan die uitdrukking "skool vir Christelike onderwys", eerder as "Christelike skool". Die verwysings in hierdie dokument word egter onveranderd gelaat.

6 Die doel is om elke leerling te help om te word wat God hom bedoel het om te wees en om sy plek in te neem op die lewensterrein waar God hom geroep het. Begaafdhede in spesifieke rigtings moet gesoek en ontwikkel word. In die Christelike skool word **elke leerling volgens sy eie vermoë geëvalueer** en is afrigting vir eksamens van minder belang. Intrinsieke evaluering is belangriker as vergelykende evaluering.

7 ’n Christelike skool streef na ’n **relatief lae onderwyser-leerling-verhouding** (aantal leerlinge per onderwyser) wat daartoe bydra dat elke leerling volgens sy eie vermoë geëvalueer word en sy Godgegewe gawes die beste ontplooi. Omdat ’n lae aantal leerlinge per onderwyser moeilik haalbaar is in 'n relatief arm land soos Suid-Afrika, sal dit ekstra insette (offers in geld en tyd) vra van die ouers en die gemeenskap van gelowiges waarvan hulle deel is.

8 Aan die Christelike skool word nie ruimte gelaat vir 'n ongesonde kompetisiegees nie, aangesien dit op voortreflikheid en menslike prestasie gebou is. Ongelyke mededinging word verwerp. Op Christelike skole is prysuitdelings byvoorbeeld nie van oorheersende belang nie en word dit by sommige skole heeltemal nagelaat. Die **persoonlike goedkeuring en aanmoediging van die ouer en onderwyser** word van veel groter waarde geag. In sport word nie slegs wenspanne afgerig nie, maar word basiese vaardighede aan elke kind geleer. Skoonheidskompetisies wat bloot op die voortreflikheid van die menslike anatomie of persoon gegrond is, het ook nie 'n plek op die Christelike skool nie.

9 Die aankweek van 'n eie **verantwoordelikheidsin en selfwerksaamheid** kry besondere aandag aan die Christelike skool. Die kind word geleer dat God se genadegawes ook opgawes is. Die Goddelike verkiesing hef nie ons verantwoordelikheid op nie, maar stel ons juis in diens.

10 Aan die Christelike skool sal **liefde vir die eie** aangekweek word omdat ook taal en kultuur gawes van God is wat ons ontvang het, voordat ons bewustelik vir of teen dit kon kies. Dit sal egter krities oorgedra word, omdat die christen die roeping het om sy eie kultuur te suiwer (dit is: te kersten). Dit sal ook met respek teenoor ander kultuurgroepe oorgedra word (vgl Dordtse Leerreëls 3/4:7). In gevalle waar Christelike onderwys binne die eie kukltuurgroep nie haalbaar is nie, word Christelike onderwys oor kultuurgrense heen verkies bo godsdiensgemengde onderwerp binne die eie kultuurgroep.

❖ Sola Fide

11 **Geen skool kan neutraal wees nie** en 'n tipe godsdiensonderrig op skool wat alle gelowe/geloofsoortuigings tevrede wil stel, is eerder 'n uiting van valse leer. Hierdie beginsel is belangrik in die lig van die opkoms van die "New Age"-denke. Sogenaamde neutraliteit kom byvoorbeeld voor waar daar 'n verbod op gebed en Bybellees op skool is, omdat dit ander gelowe kan aanstoot gee. Soms word 'n afgewaterde

Bybelonderrig gegee, sogenaamd ‘sonder enige dogma’, om in die raamwerk van elke geloofsoortuiging geakkommodeer te word. So 'n ’neutraliteit’ kom neer op die vestiging van sekulêre (verwêreldlikte) humanisme in die plek van die Christelike godsdiens. ’n Skool sal ’n sekere onverhandelbare grondslag moet neerlê om werklik te kan deurgaan as ‘Christelik’, byvoorbeeld die binding aan sekere kerklike belydenisskrifte of die belydenis dat Jesus Christus as enigste verlosser en die Bybel as gesagvol erken word.

12 Die skoolonderrig moet **nou aansluit by die kategetiese onderrig** van die ouers en die kerk.

Kragtens die verbond wat God met gelowiges en hulle kinders opgerig het, berus onderwys in die eerste plek by **ouers** en behoort ouers die maksimum seggenskap en beheer te hê oor die onderwys van hulle kinders. Gereformeerde ouers belowe by die doop van hulle kind dat hulle sal toesien dat die kind onderwys sal ontvang waar die kind in die ware leer onderrig sal word. **Kerkrade** het die verantwoordelikheid om toe te sien dat ouers die skoolonderrig van hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied.

Die Christelike skool lê ’n feite-basis waarop ander verbondsonderrig, soos in die kerk en in die huis, kan aansluit en waarop dit kan voortbou. Aan die Christelike skool word die kind uitdruklik geleer om die magtige dade van die Verbondsgod, soos dit uitkom in die skepping, onderhouding en regering van alle dinge, te verstaan en in die geloof daarop te antwoord. Anders as by kategese is die skoolonderrig nie gerig op belydenis van geloof binne ’n bepaalde gemeente en op lidmaatskap aan ’n bepaalde gemeente nie. Skoolonderrig strek ook oor ’n veel breër terrein as kategese.

13 Die Christelike skool wil die kinders **nie isoleer teen vreemde ideologieë** nie, maar moet hulle juis daarteen **weerbaar maak**, deur die onhoudbaarheid van sulke standpunte uit te wys en die kinders te begelei tot verantwoorde en voorbereide konfrontasie. Voorbeelde van vreemde leringe is byvoorbeeld: die leer oor die vrye wil van die mens, dat die mens homself kan red, evolusionisme, die bevrydingsteologie en materialisme. Ware Christelike onderwys wil nie kinders in isolasie, in ’n glaskas, opvoed nie. Dit wil die kind gereed te maak vir die volle lewe, met al sy gevare. Die ware geloof het altyd 'n **regte geloofsinhoud,** naamlik die "ware leer van die saligheid". (Vgl tweede vraag in Doopformulier). Kinders mag nie maar gelaat word om self sake te beoordeel nie of bloot deur eksperimentering en verkenning die waarheid te ontdek nie. Die Christelike skool verskil hierin gewoonlik skerp van sekulêre skole wat neutraal probeer wees en klem lê op selfontsluiting en -verwesenliking.

14 Aan die Christelike skool val die klem op **Christelike karaktervorming**: nie alleen deur Bybelonderrig nie, maar ook deur sedelike opvoeding, die voorbeeld van onderwysers en die ondersteuning van ’n gesonde portuurgroep. Die Christelike skool hou dus deeglik rekening met die feit dat die kind in sonde ontvang en gebore is en daarom te meer na die eis van God se Woord gevorm moet word. Die kind wat slegs in akademiese inligting en vaardigheid onderrig word, sonder dat sy karakter gevorm word, is

'opvoedkundig verskraal'. Die kind moet eerder voorberei word om die lewe aan te durf in die ware geloof. Die **volle mens**, wat vernuwe word na die beeld van sy Skepper, moet in die Christelike skool ontplooi.

15 Geloofsvertroue ontwikkel die beste in 'n atmosfeer van liefde, sekuriteit en dissipline. Die skoolonderwys moet die geloofsoortuigings van die kinders, soos aan hulle deur hulle ouers oorgedra word, uitbou. **Die onderwyser** speel hierin **'n sentrale rol**. Hy moet die kind na die God van die verbond begelei. Afgesien van akademiese kwalifikasies, word goeie getuienis van christelike lewensoortuiging en lewenswandel as primêre vereiste gestel by die aanstelling van onderwysers. **Die onderwyser moet self uit die ware geloof lewe**, sodat die kinders sy voorbeeld kan volg, soos hy die voorbeeld van Christus volg (vgl 1 Kor 11:1). Dit is gewens dat die onderwyser uit dieselfde kulturele agtergrond van die gesin stam of intiem daarmee vertroud is en dis nog belangriker dat die onderwyser dieselfde belydenis onderskryf en uitleef as dié van die ouer.

16 Hoewel die ouers se leer en lewe aan die Christelike skool deurslaggewend is, verleen die onderwysers professionele hulp aan die ouers. 'n Goed gekwalifiseerde en begeesterde onderwyser is meer werd vir die kind se vorming as allerlei oudio-visuele en tegniese hulpmiddels, soos rekenaargebaseerde programme. Dit geld veral vir die kleiner kind, wat basiese vaardighede leer. **Hulpmiddels is belangrik, maar die regte onderwyser is belangriker.**

17 Die Christelike skool lê sterk klem op **dissipline**. Skole lê duidelike tugmaatreëls neer en ouers moet dit skriftelik aanvaar by die toelating van hulle kind. Aangesien die ouers die primêre opvoeder bly, is die tug egter altyd aan die ouers verantwoordbaar.

❖ Soli Deo Gloria

18 Elke gawe wat ons uit genade van God ontvang, is ook 'n **opgawe tot diens**. Dis waaroor die Bybel gaan - God wil **gedien** word en gee sy wil daaromtrent aan ons (NGB Art 7). Die Christelike skool is dus sterk op die **praktyk** gerig. Die vraag is nie in die eerste plek "Wat kan hierdie kennis/vaardigheid vir myself beteken?" nie. Die vraag is: "Hoe kan ek God en sy Koninkryk beter dien?". Kinders word geleer dat elke gelowige verplig is om sy gawes tot eer van God en tot opbou van sy kerk aan te wend.

19 Die Christelike skool is **betrokke by** gebeurtenisse om hom en by die nood van **die samelewing** waarin dit funksioneer. Die kinders word geleer om die sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees en hulle nie van die wêreld af te sluit nie. Kindwees is nie bloot 'n tyd waar jy leer en deur ander bedien word nie, maar is reeds 'n tyd waar jy na andere uitreik. Hierdie uitgangspunt gee die Christelike skool 'n sterk **uitwaarts-gerigte karakter**.

20 Die **koningskap van Christus geld op elke terrein** van die christelike skool. Christus se verlossingswerk en sy regering aan God se regterhand het in elke vak en elke aktiwiteit diepgaande implikasies. 'n **Christelike lewenstyl**, 'n **Geesvervulde lewe**, kry daarom groot klem aan die Christelike skool. Dit gaan nie bloot daarom dat 'n bepaalde kurrikulum bemeester moet word nie, maar dat die kind sal leer om op 'n bepaalde wyse te leef volgens die eise van die Skrif. Die Christelike geloof beteken nie bloot om *sekere* dinge op 'n bepaalde manier te doen nie. Dit is om *alle* dinge op 'n bepaalde manier te doen.

21 Die **roepingsgedagte** is dus belangriker as sake soos akademiese afrigting vir onderskeidings of die identifisering en ontwikkeling van sosiale leiers. Diens, eerder as prestasie, word beklemtoon op die Christelike skool. Daarom word kinders nie gemotiveer deur eindelose kompetisies en pryse nie en word die skool nie befonds deur praktyke soos lotery, wat op die mens se natuurlike geldsug aanspraak maak nie. Die skool kweek deur sy leer en voorbeeld 'n gesonde **werksetiek, spaarsin en offervaardigheid** by die kinders.

Mei 1998

Ook beskikbaar in Engels, Frans en Duits:

- *Marks of the Christian School*
- *Merkmale der Christlichen Schule*
- *Les marques de l'école chrétienne*

paul@krugers.za.org
Maart 2019.

*****